DIE BURGER

Nuwe vonk

DIT maak nie saak of die kat wit of swart is nie, mits hy muise kan vang, het oudpres. Nelson Mandela gesê oor die soort ekonomiese stelsel wat Suid-Afrika moet kry. Sy woorde is nogal van toepassing op die aankondiging dat 'n groep Afrikaanse sakelui met 'n oplossing vir grondhervorming gaan probeer kom.

Die sakelui en akademici het gereageer op 'n uitdaging van pres. Thabo Mbeki om met inisiatiewe vorendag te kom wat die stotterende grondhervormingsprogram van nuwe vonkproppe kan voorsien. Die grootste probleem is die vestiging van swart opkomende boere sonder dat hulle die nodige vaardighede, lewende hawe en insetkapitaal ontvang.

Die sakelui gaan nou deur behoorlike navorsing probeer vasstel waarom hierdie boere gereeld nie die mas opkom nie en hoe die probleem met oplossings benader kan word deur dit van toepassing te maak op die Renosterrivier-gebied van die Vrystaat.

Die probleem is goed opgesom deur dr. Mohammed Karaan, voorsitter van die Nasionale Landboubemarkingsraad: Opkomende boere word op grond gevestig, maar werk buite die hoofstroommark, het die steun van die landboudepartement, maar geniet nie die steun wat met kommersiële integrering gepaardgaan nie. Dit sluit die afwesigheid van steun in wat voortvloei uit insetlewering en boerderyverenigings.

Geen onervare nuweling kan sonder 'n mentorskapprogram hoop om sukses te behaal nie, veral nie as deeglike kennis oor wyse kapitaalbesteding 'n belangrike deel van die beroepsveld uitmaak nie.

Die toetrede van Afrikaanse deelnemers om hier sukses te help verseker, sal ook bydra om persepsies dat sommige Afrikaanssprekendes net sit en kla en hovaardig nie kan wag om meewarig die kop te skud oor swart mislukkings nie, die nek in te slaan.

Wit katte of swart katte, almal moet geleer word om muise te vang. Hopelik raak 'n veel groter deel van die Afrikaanse sakesektor ook betrokke.

Regter Hlophe

IN enige demokrasie speel die regbank 'n kardinale rol. Dis die instansie wat reg en orde moet help handhaaf, wat reg tussen burgers onderling en tussen die burgers en die owerheid moet spreek, en wat moet toesien dat die owerheid nie sy magte oorskry nie.

Maar die regbank is geen abstrakte begrip nie; hy bestaan uit mense – die regters. Indien die regbank sy werk behoorlik wil doen, moet die regters eerbied



'n Vrou van Karen, No Kwa Po (26), saam met haar sewe dae oue die Salweenrivier in Mianmar gebore is. Meer as 800 Karen-vlug invalle van die Mianmarweermag gedwing is om van hul huise af

Duidelike nou oor Z



M.
HEN

EEN ding wat opponente van pres. George W. Bush bewonder, is sy vermoë om – ongeag die omvang van 'n krisis of die intensiteit van eksterne kritiek op sy regering – nie af te wyk nie van die sentrale neokonserwatiewe boodskap waarmee hy en sy "neo-con"-meelopers die karakter van die Amerikaanse sosiaal-politieke landskap radikaal verander het.

Die Amerikaners noem dit "staying on message".

broodnodige beel
siniese truuk om
sies van wat die
en politikus en